

## **Handleiding vir Huis en Haard beskerming in Landelike Beveiliging**

### **Die Gebruik van Noodlottige Geweld**

#### **1. Doel**

- a.** Om die besluitnemingsproses te vergemaklik rondom die gebruik van noodlottige geweld as beskermingsmeganisme waardeur onskuldige lewens gered mag word wanneer sodanige lewens bedreig word deur onwettige aanvallers.

#### **2. Agtergrond**

- a.** Hierdie aanbevelings is gebaseer op die kundigheid van die skrywer se agtergrond as voormalige polisiebeampte, voormalige intelligensieoffisier, sekerheidsdeskundige, PFTC (Professional Firearms Training Council) geregistreerde wapeninstrukteur en vuurwapen deskundige. Die moeras van die verskillende stukke wetgewing wat die gebruik van noodlottige geweld in 'n selfverdedigingsrol omskryf word nie **per se** aangespreek nie en die riglyne en advies in hierdie skrywe vervat kan geensins dien as verdediging teen die onwettige gebruik van 'n vuurwapen sou die gereg bevind dat daar onwettig opgetree is deur enige persoon in die hantering of gebruik van 'n vuurwapen vir welke rede ookal.
- b.** Die besluit om 'n vuurwapen te gebruik in 'n situasie waar 'n onskuldige persoon redelik glo dat sy/haar lewe of die lewe van 'n ander onskuldige persoon bedreig word bly die verantwoordelikheid van die persoon wat die vuurwapen gebruik het.
  - i. Die regsposisie rondom hierdie saak word uiteengesit in verskeie aspekte van die wetgewing en dit is nie my voorneme om dit hier te herhaal of selfs te verduidelik nie maar wel om die onskuldige slagoffer van geweld te adviseer oor sy of haar moontlike optrede tydens so 'n voorval.
  - ii. Hierdie advies moet dus nie as 'n regsposisie vertolk word nie en kan ook nie dien as kwytskelding indien die owerhede sou besluit dat die gebruik van noodlottige selfverdediging in 'n spesifieke saak onwettig was nie.
    1. Nietemin verwys ek graag na 'n gesegde in die VSA - waar die jurie stelsel van 12 mense - eerder as 'n enkel regter hierdie beslissings moet maak, wat soos volg lui:
      - a. "Its better to be judged by twelve than to be carried by six" (ses kisdraers).*
    2. Om dus te huiwer, as gevolg van vrees dat jou aksies jou later in die beskuldigdebank sal laat beland terwyl jy oortuig is dat jou lewe of die lewe van 'n ander onskuldige persoon in onmiddellike lewensgevaar is op die oomblik van besluitneming, is myns insiens verkeerd en lewensgevaarlik.

### **3. Stadsgeweld vs Landelike Geweld**

- a.** Daar is ongetwyfeld 'n noemenswaardige verskil tussen stedelike en landelike gewelddadige misdaad met laasgenoemde grotendeels gebaseer op die afgesonderdheid van die landelike bevolking.
- b.** Die booswig in die stad wat hom aan sg. "tuistebesettings" skuldig maak besef dikwels dat tyd sy vyand is en oor die algemeen wil hy buit en plunder en soms vermoor en verkrag binne 'n tydsvak wat hom/hulle toelaat om te vlug voordat onraad gemerk word wat sou kon lei tot inmenging deur die polisie, buurtwag of sekerheidsmaatskappye. Plaasaanvallers – vernaam diegene wat nog nie in hulle "bedryf" gesout is nie - kan ook soms hierdie vrees toon en nie op die misdaadstoneel sloer nie maar in baie gevalle – weens die afgeleë en weerlose plaasbewoner se kwesbaarheid – moet die aangehoude inwoners gereeld ure lank die nagmerrie van martelary, verkragting en uiteindelik moord verduur voordat die misdadigers doodluiters met die plaasbakkie vertrek.
- c.** Gesien dus uit die perspektief van die landelike plaas of kleinhoewe bewoner is daar gefundeerde redes om te vrees dat enige aanvallers insluitende inbrekers 'n onmiddellike gevaar verteenwoordig wat moontlik kan lei tot die dood, verminking, verkragting of ernstige aanranding van die inwoners.

### **4. Die besluit om noodlottige geweld aan te wend ter beskerming van die lewe van 'n onskuldige persoon.**

- a.** Die besluit om verset, insluitende gewapende verset, te gebruik teen enige persoon wat deur sy gedrag die plaasbewoner redelik laat glo dat daardie plaasbewoner se lewe of die lewe van enige ander onskuldige persoon op die perseel bedreig word moet blitsvinnig geneem word terwyl die gereg geen tydsbeperking het op die beoordeling van daardie besluit, sou dit lei tot die dood of besering van die onwettige betreder nie.
- b.** Daar is wel riglyne wat dit makliker maak om die vinnige besluit te neem om wel noodlottige of potensieel noodlottige geweld toe te pas wat sal verhoed dat die plaasboer, huisvrou of kleinhoewebewoner hom of haarself skuldig maak aan moord of strafbare manslag en die toets van die "redelike mens" gemeet teen die omstandighede sal gewoonlik seëvier in die guns van die plaasbewoner mits die omstandighede van so 'n konfrontasie die regsbank kan oortuig dat hy of sy redelik opgetree het onder daardie spesifieke omstandighede.
- c.** In gevalle waar die wapengewelddaanval\* teen die plaasbewoner of sy/haar familie of enige onskuldige persoon onder sy/haar beskerming alreeds 'n aanvang geneem het en die boer of 'n lid/lede van sy gesin of ander onskuldige persoon daar teenwoordig met 'n vuurwapen teruggevuur het op die aanvaller/s en hom/hulle gedood of gewond het is daar geen saak om te beantwoord nie en selfs sou die polisie in hulle onkunde besluit om 'n strafsak te registreer is dit erg te betwyfel of daar enigsins voortgegaan sal word met vervolging.

- i. Indien so 'n strafsak geregistreer word, word dit gewoonlik deur die staatsaanklaer teruggetrek nog voordat daar enige hofverskyning plaasvind (mits die omstandighede duidelik van so 'n aard is dat daar nie twyfel kan bestaan oor die feit dat 'n aanval wat moontlik kon gelei het tot die dood, verminking of verkragting van 'n onskuldige persoon onafwendbaar was anders as om noodlottige teengeweld te gebruik nie. Let egter daarop dat daar vir enige onnatuurlike dood 'n geregtelike nadoodse ondersoek gehou word en 'n sg. GO dossier geopen word. Dit word gedoen ter nakoming van 'n wetsbepaling en moet nie met 'n strafsak verwar word nie).
  - ii. \*Let wel : Wapengeweld sluit dan ook die rig van 'n vuurwapen op die onskuldige bewoner/s van daardie perseel in ongeag of daar reeds deur die booswigte geskiet is of nie of selfs waar die aanvaller/s met gevaarlike wapens anders as 'n vuurwapen – bv. kapesse, byle ens sy/hulle aanval reeds geloods het of hulle bedoeling om dit te loods duidelik waarneembaar gemaak het.
- d.** Daar is twee elemente wat egter van kardinale belang is en bly om te verseker dat daar nie suksesvol deur die gereg opgetree sal kan word teen die boer, plaasbewoner, familielid of vriend wat hom/haar bevind in die woning of onmiddellike omgewing daarvan tydens 'n vermeende aanval en wat wapengeweld gebruik het teen die aanval.
- i. **Eerstens** is die noodsaaklikheid om die aanvaller/s of voornemende aanvaller/s as sodanig positief te identifiseer en nie blindelings te vuur in die rigting van 'n *vermeende* aanval nie\*. (\*Dit sluit natuurlik uit enige inkomende geweervuur wat duidelik geïnisieer is teen die inwoners. In so 'n geval het daar reeds 'n dodelike aanval begin en kan en behoort teruggevuur te word in die rigting vanwaar die geweervuur ontstaan. (Bv in die nag sou daar na die trompblitse wat die skuiling van die booswigte verraai geskiet word – die persoon of persone binne die woning wat terugskiet sal uiteraard hulle posisie vinnig verskuif na elke paar skote om te verhoed dat hulle onnodiglik vuur trek).
  - 1.** Behalwe vir die enkele scenario hierbo geskets moet die huisbewoner hom of haarself duidelik vergewis van die identiteit en waarskynlike motief van enige persoon wat 'n bedreiging bied voordat daar summier op so 'n persoon gevuur word.
  - ii. **Tweedens** en omdat daar gewoonlik blitvinnig gereageer moet word op die teenwoordigheid van enige indringer moet daar 'n onmiddellike besluit geneem word of die situasie van so 'n aard is dat regmatige wapengeweld geoorloof is om die bedreiging af te weer al dan nie.
    1. Die maklikste wyse waarop hierdie besluit geneem kan word, is om na die onmiddellike reaksie van die indringer/s op te let.
    2. Indien so 'n persoon of persone gewone "diewe" is kan verwag word dat hulle onmiddellik op die vlug sal slaan wanneer hulle gekonfronteer word deur die huisbewoner en

sal dit onwys en onwettig wees om op hulle te vuur terwyl hulle probeer ontsnap - aangesien hulle vrees toon en wys dat hulle nie gewelddadig wil optree teen die inwoners nie.

3. Sou een of meer van die betreders, sonder om vrees te wys, hul man aggressief staan en vorentoe beweeg in die rigting van die huisbewoners openbaar hierdie krimineel/kriminele duidelike aggressie en verteenwoordig hulle 'n onmiddellike bedreiging op die lewe van die inwoner ongeag of enige wapen in die besit van die aanvallers waarneembaar is.
  - a. Om onder hierdie omstandighede bo alle twyfel te probeer bepaal of die man/mans bewapen is sal 'n moontlik noodlottige huiwering teweeg bring wat die aanvallers sal toelaat om die gewapende huisbewoner te oorrumpel **al is die kriminele nie met vuurwapens of ander ooglopend gevaarlike wapens bewapen nie.**
  - b. Daar bestaan ook die gevaar dat indien die huisbewoner wat gekonfronteer is deur sodanige kriminele sou besluit om weg te hardloop van hierdie inbrekers hy/sy moontlik beloon sal word deur 'n koeël in die rug. In hierdie verband haal ek graag iemand aan (wat nou wel nie 'n gunsteling van ons Afrikaners is nie maar wat dit nogal goed stel):
    - i. *"One ought never to turn one's back on a threatened danger and try to run away from it. If you do that, you will double the danger. But if you meet it promptly and without flinching, you will reduce the danger by half"*  
~ Winston Churchill ~
  - c. Onder hierdie omstandighede – waar uitgegroeide inbrekers sonder vrees op die huisbewoners afstorm sal enige redelike mens moet aanvaar dat hy/sy lewe en die lewens van ander mense onder sy/haar beskerming in lewensgevaar is en behoort hy/sy **myns insiens** sonder huiwering, blitsvinnig na die borsgedeelte (die grootste teiken) van die aanvallers te vuur en aanhou om te vuur totdat die aanval geheel en al afgeweer is of totdat die aanvallers op die vlug slaan. So vinnig soos die aanval begin het deurdat die kriminele op die inwoner afgestorm het net so vinnig moet die vuur staak indien hulle op vlug slaan.
    - i. Om aan te hou skiet en 'n skoot of skote in die rug/rûe van die voortvlugtendes te plaas terwyl die kriminele duidelik probeer ontsnap sal heel waarskynlik lei tot kriminele klagtes teen die huisbewoner wat geskiet het en wat moeilik aan 'n hof sal kan verduidelik waarom hy/sy nie vuur gestaak het nie.

- d. Dieselfde reëls wat hierbo geskets is ten opsigte van 'n aanval binne die huis kan na my mening ook toegepas word op die werf of enige ander deel van die plaas of kleinhoewe.
  - i. Kortliks kan enige onwettige aanval wat moontlik sou kon lei tot die dood of ernstige verminking van 'n onskuldige persoon afgeweer word deur die gebruik van noodlottige geweld, insluitende die gebruik van 'n vuurwapen.
- e. Die kern aspek is en bly dat noodlottige geweld slegs geoorloof is wanneer daar 'n redelike verwagting is dat 'n onskuldige persoon of persone se lewe of lewens in onmiddellike gevaar is en dat die gebruik van sodanige noodlottige geweld die logiese antwoord op hierdie bedreiging verteenwoordig.

## 5. Na die skietvoorval

- a. Die huisbewoner, vergesel van alle ander onskuldige persone in die huis moet nadat hulle verseker is dat daar nie meer 'n onmiddellike bedreiging bestaan nie na 'n veilige area binne die huis beweeg en die polisie en enige sekerheidsmaatskappy - indien hulle van so 'n maatskappy se dienste gebruik maak - skakel en om hulp vra.
  - i. Sou enige van die kriminele gewond of gedood op die toneel binne die woning bly moet daar gelet word op die moontlike teenwoordigheid van enige wapens – vuurwapens, kapmesse, messe ens en moet duidelike fotos geneem word sonder om aan hierdie wapens te raak.
  - ii. \*Indien daar 'n vuurwapen, wat in die aanval in besit was van die aanvallers, in die onmiddellike omgewing van 'n gewonde (maar steeds by sy bewussyn) krimineel gewaar word kan dit weggeskuif word met die voet of selfs versigtig, met die loop heelyd in 'n veilige rigting gehou, met 'n plastiese sak opgetel word en later oorhandig word aan die polisie sonder om andersins daaraan te raak.
    - a. Verkieslik moet hierdie proses afgeneem word deur selfoon fotos te neem en moet daar beswaar gemaak word indien die polisie die wapen/s op so 'n wyse hanteer dat die vingerafdrukke van die booswig/te nie later van die wapen/s gelik kan word nie.
    - b. 'n Ambulans moet ook verkieslik ontbied word terwyl die gewonde krimineel/kriminele onder visier gehou word totdat hy/hulle vasgemaak kan word indien hy/hulle nog 'n moontlike gevaar verteenwoordig.
    - c. Fotos van die gesigte van enige gewonde of ontslape kriminele kan geneem word mits daar nie aan enige lyke geraak word nie.



- ii. Sou sodanige kriminele hulle verset teen inhegtenisname kan geweld wat nie oormatig geag word nie gebruik word om hulle onder beheer te kry.
  - iii. Sou die dief of diewe gedurende hierdie proses van wettige inhegtenisname wapengeweld gebruik om hulself te probeer bevry sal dieselfde reëls geld as wat hierbo uiteengesit is naamlik dat noodlottige geweld net teen hulle gebruik mag word indien hulle die lewe van 'n onskuldige persoon bedreig.
  - iv. Indien die dief of diewe op vlug slaan mag daar nie op hulle gevuur word nie.
- b.** Desnieteenstaande sal die afvuur van 'n haelgeweerskoot met voëlhael (met die tromp teen te minste 60grade na bo in die lug) geen gevaar bied aan enige persoon nie en as sodanig kan dit as afskrikmiddel dien en soms ook die erns van die plaaseienaar beklemtoon om sy eiendom te beskerm.
- i. Daar moet ook onderstreep word dat selfs die fynste voëlhaal binne 'n kort afstand 'n noodlottige wond kan toedien en dat die besit van 'n haelgeweer - selfs gelaai met nommer 5 of 6 hael wel gebruik sal kan word om 'n moontlik noodlottige aanval op kort afstand af te weer – met waarskynlik noodlottige gevolge vir die aanvaller - terwyl dit dan ook as puik afskrikmiddel kan dien waar 'n skoot in die lug, met geen gevolge anders as om die diewe se vlugspeed te vermeerder nie, geskiet kan word.

## **7. Die Vrou Alleen**

- a.** Waar 'n vrou alleen, of 'n vrou met kinders, in die afwesigheid van haar man, in haar plaashuis gekonfronteer word terwyl sy gewapen is met 'n vuurwapen deur enige persoon wat onwettig toegang tot haar huis verkry het, is die besluitnemingsproses om haar wapen te gebruik nog meer krities in terme van die tyd wat sy neem om te besluit om te skiet al dan nie.
- b.** Mits die inbreker/betreders nie onmiddellik vlug nie of nie so klein van statur is dat hy haar nie logies kan oorrompel nie behoort sy sonder huiwering haar vuurwapen teen hierdie bedreiging in te span deur op die indringer te vuur.
- c.** Feitlik sonder uitsondering bied 'n volgroeiende manspersoon 'n dodelike bedreiging aan die meeste vrouens deurdat hy hulle kan oorrompel met of sonder enige wapen en hulle daarna kan vasbind, verkrag, vermink of vermoor na hartelus.
- d.** Om dus te huiwer om so 'n bedreiging te neutraliseer kan 'n doodsvonnis beteken vir die vrou wat alleen staan teen onwettige indringers.
- e.** Die tyd waar 'n vrou as die "swakker" geslag beskou was, as die beskermer eerder as die beskermer is lankal verby. Waar 'n vrou alleen by die huis teenwoordig is terwyl haar man op die lande werk, waar sy kinders skool toe karwei en versorg of waar sy self arbei op die grond is sy in baie gevalle die primêre persoon wat verantwoordelikheid aanvaar vir haarself, haar familie en haar werknemers. In hierdie rol as beskermer is die waarskynlikheid groot dat sy die besluit sal moet neem om gewapende geweld teen te staan deur die vinnige en effektiewe gebruik van haar eie vuurwapen.

**f.**

## 8. Opsommend

- a.** Die beste verdediging is om die bedreiging te vermy sover moontlik.
  - i. Wat die afgeleë huisgesin betref beteken dit goeie omheining, ordentlike geslote deure, goeie diefwering, klein honde in die huis, beligting om die werf, alarms ens.
- b.** Wanneer hierdie voorsorgmaatreëls oorkom word deur kriminele elemente is die tweede linie van verdediging die besit en dra van, en die behendige gebruik van, 'n vuurwapen of vuurwapens.
- c.** Uiteindelik - as konfrontasie onafwendbaar is - moet beide die wil en die kundigheid om wettige wapengeweld teen 'n aanvaller of aanvallers te gebruik teenwoordig wees.
  - i. Die aanskaf van 'n selfverdedigingswapen is die kleuterstappie op hierdie pad na oorlewing.
  - ii. Die gereelde en doeltreffende taktiese opleiding en oefening om hierdie wapen doeltreffend te dra en te gebruik is die laerskool fase om huis en gesin te beskerm.
  - iii. Die moed en oortuiging om te streef na paraatheid ten alle tye gepaard met die onwrikbare wil om te veg teen alles en almal wat jou veiligheid en die veiligheid van jou familie en die weerloses wat op jou staat maak bedreig, is die doktorale tesis waarna ons as Afrikaners almal moet streef.
  - iv. Die sterkste klem moet uiteindelik geplaas word op die verantwoordelikheid van die individu in die versekering van sy/haar eie veiligheid ten spyte van die gebreke wat elders bestaan onder die geleedere van diesulkes aan wie die las van die versekering van ons veiligheid opgedra is. Persoonlike sekerheid kan nie afgeskuif word op 'n ander individu of instansie se skouers nie – dit bly ons eie plig, verantwoordelikheid en voorreg.

**9.** Bly veilig en gee gerus oorweging aan Langenhoven se woorde hieronder.

Louis Steyn

Januarie 2015

---

*Daar is mense wat hulle oë so knaend daarbo op die Hemel gevestig hou dat hulle nie sien hoe min goed hulle hande hieronder op die aarde doen nie.*

*~ C.J. Langenhoven*